# Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 02/02 2024

Geagte Ouers/Voogde

1. **Landboubestuurpraktyke: Uitstappie 26 Januarie 2024:**
   Die graad 10- en 11-Landboubestuurspraktyke leerders was baie bevoorreg om op 26 Januarie 2024 'n besoek te kon bring aan Kloofplase, Krakeel. Meneer Johan Strydom, in samewerking met meneer Kobus Strydom, het ook die vervoer verskaf. Hierdie boere het uit hulle pad gegaan om 'n leerervaring soos min aan te bied. Ons het ongelooflik baie geleer van appels, pere, perskes en vleisbeeste. Die leerders het ook geleentheid gehad om hulle hande vuil te maak deur 'n bietjie arbeid te verrig en kon daarna in die dam afkoel. Ek wil ons boere uit my hart bedank vir julle groot bydrae tot hierdie leerders se ontwikkeling, hulp, kennis en ruimhartige ondersteuning help ons om van hierdie nuwe, praktiese, vak 'n sukses te maak.
   Ek wil ook vir meneer Victor Badenhorst en sy seun Juan bedank. Hulle het vir die graad 10-klas kom raad gee oor die kruietuin, wat ons wil begin. Julle kennis en hulp is vir ons van onskatbare waarde.

2. **Finansies:**
   - **SKOOLGELD:**
     Die skoolfonds is betaalbaar vanaf Februarie tot November 2024. Die eerste skoolfondsrekening vir 2024 sal aan die einde van Februarie beskikbaar wees. Ons versoek ouers vriendelik om rekenings per EFT te vereffen. Indien ouers nie oor 'n EFT-fasiliteit beskik nie, kan die skoolfonds wel kontant of met 'n kaart betaal word.

     | | | |
     |---|---|---|
     | Bankbesonderhede: | Bestuursliggaam HS McLachlan | |
     | | ABSA Rekeningnommer: | 1970 430047 |
     | | Tipe rekening: | Tjek |
     | | Takkode: | 632005 |
     | | Verwysing: | **Kind se naam en van** |

     **Dit is ouers se eie verantwoordelikheid om aansoek te doen vir verminderde skoolfonds. Vorms is beskikbaar by mev. L. Ferreira. Dit moet voor die 15de Februarie ingehandig word.**

   - Kopieerkoste:
     Die kopieerkoste is R580 per leerder per jaar en moet teen 31 Maart 2024 ten volle vereffen wees. Die huur van die fotostaatmasjiene, aankoop van papier en ink plaas 'n groot finansiële las op die skool, dus is elke ouer se bydrae van uiterste belang. Die leerders van HS-McLachlan ontvang kwaliteit onderrig en daarvoor is ouers se konstante bydrae baie belangrik.

3. **Sport:**
   - Atletiek:
     Vrydag, 26 Januarie 2024 is die Laerskool Sone byeenkoms deur Hoërskool McLachlan aangebied. Tydens die byeenkoms is die volgende rekords verbeter.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| E.J. Meyer | S 0/12 | Verspring | 4,34 m | McL |
| Taylin Kapank | D 0/10 | 100 m | 15.21 s | McL |
| Taylin Kapank | D 0/10 | 80 m | 12.15 s | McL |
| Taylin Kapank | D 0/10 | Verspring | 3,64 m | McL |
| Roydin D'Lamine | S 0/7 | 80 m | 13.75 s | JJSS |

Baie geluk aan E.J en Taylin wat ons naam hoog gehou het tydens die byeenkoms. Ons sien uit na die res van die seisoen om julle in aksie te sien.
Baie dankie aan al die beamptes wat hard gewerk het om van die byeekoms 'n groot sukses te maak. Die volgende Laerskool Sonebyeenkoms is 10 Februarie 2024 en dit word weer deur Hoërskool McLachlan aangebied.

Ons sien uit na die SOK atletiekbyeenkoms van 3 Februarie 2024 op Wittedrif. Moedig u kind aan om betyds te wees vir sy/haar items en altyd sy/haar beste te lewer.

- **<u>SOK-byeenkoms: Saterdag, 3 Februarie 2024: Hoërskool Wittedrift (Plettenbergbaai)</u>:**
  Atlete moet asseblief Saterdagoggend, met die SOK-byeenkoms reeds om **07:15** hul plekke op die pawiljoen by Hoërskool Wittedrift se sportgronde inneem. Atlete moet netjies geklee wees met die korrekte atletiekdrag. Slegs 'n skoolsweetpak mag gedra word indien dit koel is. Geen bont klere, musse of sonbrille sal toegelaat word nie. Geen juweliersware mag gedra word nie. Meisies mag nie gekleurde naellak dra nie.

  Die opening en optogte sal vanaf 07:30 begin. Die hoofleiers kom 07:15 met die banier by die klubhuis bymekaar. Die atletiekprogram begin om 08:00. Atlete moet betyds aanmeld vir hul items en hoflik teenoor beamptes optree. Daar sal 'n snoepie beskikbaar wees.

  McLachlan-ouers en ondersteuners word uitgenooi om die dag saam te kom geniet. Bring u sambreel/gazebo en kampstoele saam. Geen voertuie sal op die terrein toegelaat word nie, slegs skoolbusse.

  <u>Bustye</u>:

| | Baileybus: | McL-bus: | Quantum: |
|---|---|---|---|
| 4:00 | Misgund | | |
| 4:45 | | | Louterwater |
| 5:00 | | | Krakeel |
| 4:30 | Skool | | |
| 4:15 | | Ravinia | |

- **<u>Krieket:</u>**
  Maandag, 5 Februarie, speel die 0/13-span teen laerskool Stulting, weg. Bussie vertrek om 12:30.
  Dinsdag, 6 Februarie, speel die 0/11-span teen laerskool Stulting, weg. Bussie vertrek om 12:30.
  Donderdag, 8 Februarie, speel die 0/9-span teen laerskool Stulting, weg. Bussie vertrek om 12:30.

- **<u>Tennis:</u>**
  Dinsdag, 6 Februarie, speel die hoërskool dogters teen hoërskool Westview, weg.
  Donderdag, 8 Februarie, speel die hoërskool seuns teen hoërskool Framesby, tuis.

herotel IGEN


- **Hoërskool sport:**
  Rugby- en netbaloefeninge begin Dinsdag, 6 Februarie om 15:15 – 16:30. Atletiekoefening kry voorkeur.

4. **Fondinsamelingsprojekte:**
   Die volgende fondsinsamelingsprojekte word vir die kwartaal beplan. Ons vra die ouers om dit asseblief te ondersteun.
   - ❖ Oppieplaas Spit
   - ❖ Golfdag









C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Cell: +27 (0) 64 650 9453

McLachlan Internet Fasiliteit